G'n gemaksone? Dís geleentheid!

God laat dit toe, want dit dra Sy boodskap verder uit

Godsdiens-aktueel
Isak Burger

Niemand hou van krisis en teëspoed nie. Dit is natuurlik en logies om vir jou 'n veilige gemaksone te probeer skep.

Die probleem met so 'n gemaksone is net dat 'n mens geneig is om die goeie as vanselfsprekend te aanvaar en dit wat eintlik genade is, as regte toe te eien. In so 'n gemaksone is 'n mens ook geneig om andere te ignoreer en te vergeet – veral as hulle minderbevoorreg as jyself is.

Die kerk het oor die eeue nie hierdie tendens vrygespring nie. Trouens dit lyk amper of daar 'n historiese en tradisionele noodwendigheid in die kerk bestaan om homself te vestig, gemaklik te maak en homself daarna net in stand te hou en die lidmate gelukkig te hou. As 'n dominee of pastoor dít regkry, is die meeste lidmate tevrede.

Só 'n toedrag van sake werk onvermydelik 'n gees van onbetrokkenheid, passiwiteit en louheid in die hand. Die kerk word dan 'n klub. Die Groot Opdrag van Jesus Christus en 'n passie vir ongeredde mense, bestaan nog net in teorie. In die Bybel vind jy hierdie tendens gewoonlik ná die eerste geslag. Die gemeente in Efese was maar net 43 jaar oud toe hulle van Jesus moes hoor dat hulle hul eerste liefde verloor het.

God het egter 'n manier om 'n mens (en Sy kerk) se aandag weer te kry en ons weer te laat ontwaak vir die essensiële, die basiese prioriteite. Hy laat soms toe dat ons "nes" so bietjie deurmekaar gekrap word, ons gemaksone versteur word. Nee, ek sê nie Hy is die Outeur daarvan nie, Hy laat net toe dat dit gebeur – omdat ons Sy stem nie meer hoor en dit wat vir Hom belangrik is nie meer vir ons prioriteite is nie.

Kyk nou maar wat met die vroeë kerk in Jerusalem gebeur het. Die Bybel vertel dat daar in 'n stadium vervolging teen die kerk in Jerusalem uitgebreek het wat daartoe gelei het dat die kerk noodgedwonge na ander wêreldele versprei het. Ons praat van die diaspora van die vroeë Christene. Dit het meegebring dat die Evangelie in 'n kort tyd regoor die destydse beskaafde wêreld versprei het. Hoewel dit beslis nie deel van die vroeë kerk se visie of beplanning was nie, (daarvoor was Jerusalem aanvanklik 'n veels te gemaklike en veilige hawe), was dit onbetwisbaar deel van God se agenda. Hy het die wêreld te lief gehad om die Goeie Nuus net in Jerusalem en net vir één volk in stand te hou.

In Suid-Afrika is ons die afgelope klompie jare ook bewus van 'n diaspora wat plaasvind – Suid-Afrikaners wat regoor die wêreld verprei het. Sommige is weg omdat die misdaadsituasie vir hulle te veel geword het. Andere (veral wit jongmense) is weg omdat hulle geen toekoms vir hulleself hier sien nie. Hulle velkleur het by voorbaat vir hulle sekere deure toegemaak. Ons wat hier agtergebly het, kan ons landgenote oorsee verkwalik en allerhande name noem. Die feit is egter dat Suid-Afrikaners van verskillende rassegroepe oor die wêreld verstrooi is. Meer as 'n miljoen in Engeland.

Honderdduisende in die VSA, Kanada, New Seeland en Australië.

Trouens, mens is verwonderd om te hoor waar ons mense hulle orals bevind: Honderde boere wat met oop arms ontvang is in Afrika-lande waar wittes vroeër verdryf is. Suid-Afrikaners wat Engelse klasse gee in Oosterse lande. Suid-Afrikaanse kundiges wat deel is van internasionale maatskappye in lande waar Amerikaners nie welkom is nie. Ervare en geharde oud-weermaglede in oorloggeteisterde lande – ek hoor daar is meer as 40 000 Suid-Afrikaners in Irak! Min van ons het nie kinders, familielede en vriende wat die laaste paar jaar uitgewyk het en deel van hierdie hedendaagse diaspora geword het nie. Vir my is die belangrikste egter dat 'n groot deel van hulle Christene is!

'n Nuwe sending-fenomeen is besig om te ontwikkel. In 'n wêreld wat klein geword het weens moderne tegnologie, waar die wêreld in die persone van miljoene immigrante (wettig en onwettig) op ons voorstoep is en waar miljoene Suid-Afrikaners deur die wêreld verstrooi is, het die kerk ongekende nuwe sendinggeleenthede!

Daar is genoeg ontwortelde, kwesbare en brose mense binne bereik van die kleinste gemeente in Suid-Afrika om die liefde van Christus te demonstreer en daar is genoeg Suid-Afrikaanse Christene regoor die wêreld wat moet ontwaak vir die besef dat hulle deel is van 'n Groter Agenda.

■ *Dr. Isak Burger is president van die Apostoliese Geloofsending.*